**NOTULE * MINUTES**

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
PIETERSBURG MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE PIETERSBURG
OP/ON **16 JANUARIE 2018**

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Pos tans vakant Tel. No. e-pos:
Ondervoorsitter: Stephan du Plessis Tel. No. e-pos:
Sekretaris: Lourens Erasmus Tel. No. 0718681609 e-pos: Lourens.Erasmus@ul.ac.za
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING / STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 1.1 | **Opening en verwelkoming / Opening and welcoming**<br>Pastoor Danie open met gebed. Vise-voorsitter heet alle lede, insluitende Dippies van Potgietersrus, teenwoordig welkom by die vergadering. | Stephan |
| 1.2 | **Voorlees van Doelstellings**<br>Voorsitter lees die doelstellings van die Vereniging voor en vra die lede om die doelstellings na te streef. | Stephan |
| 1.3 | **Verskonings / Apologies**<br>R Meiring, B Breytenbach, S Labuschagne, S Hansen, K Burger, J Potgieter, T Gerhard, E Swart, A Delport. | Almal |
| 1.4 | **Presensielys / Attendance List**<br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| 1.5 | **Mosies / Motions**<br>1.5.1 Gelukwensing aan Deon met sy verjaardag op die 16de Januarie.<br>1.5.2 Baie geluk aan Johan Meirng wat 50 geword het in Desember. | Almal |
| 1.6 | **Korrespondensie / Correspondence** | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | 1.6.1 Geen korrespondensie ontvang. | |
| 1.7 | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting**<br>1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>Notule van 11 November 2017 word voorgehou<br>1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br>Regstellings aangebring.<br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by Johan Meiring.<br>1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by Stan Rodgers. | Almal |
| 1.8 | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake vir bespreking**<br>1.8.1 Interim verandering aan bestuur<br>Rudi Myburgh het na Nieu Zeeland verhuis. Stephan du Plessis staan in tot en met die AJV van 6 Maart 2018. Verskeie lede dui hulle kommer aan oor hoe tak aangeleenthede in die toekoms uitgevoer gaan word, vorige Voorsitter het meeste sake self hanteer met die gevolg dat bitter min deursigtigheid toegepas is tydens sy bestuur. Die volgende is n sinopsis van die mees prominente bydraes deur lede wat die vergadering bygewoon het.<br>Nico Wepener: spreek sy kommer uit oor die "drawbacks" van Rudi se bestuur styl. Dit het meegebring dat talle individue, insluitende die kommittee redelik in die duister was oor wat tans in die tak aangaan.<br>Dippies: dui aan dat Uitvoerend se versoek dat hy Rudi se portefeulje oorneem as skiet organiseerder vir hom aanvaarbaar is. Hy versoek dat alle takke met hom saam werk en help om die skiet dissiplines te standardiseer sodat takke se skuts op gelyke voet kompeteer wanneer dit kom by die kies van BJV spanne. Hierdie versoek is veral gegrond op die verandering in CHASA se kompetisie formaat, en ter voorbereiding vir die September 2018 Nasionale kompetisie. Hy spreek ook sy kommer uit oor takke soos Waterberg en Magalies wat geisoleerd is. Die volgende Intertak skiet [3 Februarie 2018] is te Pietersburg en hy versoek dat die formaat van hierdie kompetisie opgestel word soos die CHASA Nasionale kompetisie. Hy sal uitvind wat die presiese uitleg van die bane / divisies is en dit vir Andre Jonker deurgee.<br>Andre Jonker: hy dui aan dat hy beskikbaar is as skiet koordineerder tot en met die AJV in Maart 2018. As een van | Stephan |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | ons toegewyde kompeterende skuts dui hy sy kommer aan rakende die beplanning en skedulering van tak aangeleenthede, meer spesifiek die fokus op skietaktiwiteite wat vir kompeterende skuts belangrik is en vir hulle toegewyde status. Rudi se geneigdheid om alles self te doen het n leemte gelaat wat spoedig aangespreek moet word om die pad vorentoe vas te maak. Andre stel voor dat ons indringend kyk na n aanpassing in die samestelling van ons bestuur sodat daar portefeulje bestuurders is wat spesifiek omsien na die verskeie skiet fasette. Hy stem saam met Dippes en Pieter Grimbeeck dat die kompeterende skuts verskeie geleenthede gegun word om die nuwe CHASA skiet formaat te oefen, iets wat ons in staat sal stel om die beste moontlike skietspan te kies vir deelname. Verder versoek hy dat daar meer indringend gekyk moet word na ons jaarkalender. Daar was te veel kere op kort kennisgewing besluit oor die formaat van maand kompetisies. Hy glo, soos verskeie ander lede teenwoordig, dat die jaarkalender baie meer spesifiek en met meer detail opgestel moet word. Dit sal ons lede help om vooruit te bepaal watter aktiwiteite hulle moet bywoon om vir hulle toegewyde status en/of spanne te kwalifiseer.<br>Pieter Grimbeek: sy groot kommer hou verband met die kies van lede wat die verskeie fasette moet hanteer. Volgens hom moet dit op n vrywillige basis geskied. Hy promoveer ook die beginsels van integriteit en professionele optrede van betrokkenes om te verseker dat ons kalender aktiwiteite vlot verloop. Verder dui hy ook aan dat die versoek vir gestandardiseerde skiet aktiwiteite vir hom aanvaarbaar is. Hy vra ook dat daar ondersoek ingestel word na die gebruik van [en fasette vir] AR10/15 platforms binne die skietaktiwiteite soos deur BJV/CHASA ondersteun. Hierdie inligting moet asseblief aan lede deurgegee word.<br>Pastoor Danie: dui aan dat ons met ‘n diverse groep mense binne ons organisasie deel. Indien enige van hulle sou belangstel om n bydrae te lewer, op watter vlak ookal, dat hulle die vrymoedigheid moet he om met Stephan te skakel.<br>Kallie Mouton Jnr: dui aan dat ons moet kyk na die geledere van ons baan offisiere en die rol wat hulle kan speel. Verder sal daar ook meer intens daarop gefokus moet word om ons getal baan offisiere te verhoog.<br><br>1.8.2 AJV 6 Maart 2018<br>Die datum is vas en kennisgewings sal spoedig uitgestuur word. Stephan gaan dan ook nominasie vorms uitstuur vir die | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | volgende portefeuljes: Voorsitter, Onder-voorsitter(s) (2 posisies soos goedgekeur tydens vergadering van 16 Januarie 2018), Sekretaris en Tesourier. Lede moet onthou dat die ander posisies gekoopteer word en dat daar nie nominasies vir hulle is nie. | |
| | 1.8.3 Vuurwapen lisensie hernuwings<br>Lede word weereens daaraan herinner om hulle verantwoordelikheid rakende lisensie hernuwings na te kom. Riglyne is baie spesifiek en vrylik beskikbaar dus het niemand n verskoning om dit nie as sulks toe te pas nie. | |
| | 1.8.4 Vuurwapen bevoegdheid hernuwings<br>Onthou dat die bevoegdheid so lank geldig is as die eerste 10 jaar lisensie wat verval. Vir selfverdedigings wapens is die bepaling anders [5 jaar]. | |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising** | |
| | 1.9.1 Skietbaan<br>Oom Kallie se "office": Francois Reynolds dui aan dat daar daadwerklik aan gewerk moet word om n kantoor vir oom Kallie op te rig – dit sal sy werk by die baan vergemaklik. Lourens dui aan dat die punt reeds by die skietbaan bestuur gedien het en dat hy dit wereens met hulle sal bespreek tydens die vergadering van 24 Januarie 2018.<br>Sekondêre hek: die hek tussen die restaurant en die skietbaan is tans n groot uitdaging met beheer van skuts siende die hek afgebreek is en mense vrylik toegang het, eerder as om protokol te volg. Lourens dui ook aan dat Thinus Botha op n skietbaan bestuurs vergadering aangedui het dat hy wel n hek beskikbaar het om daar in te sit. Lourens sal dit op die 24ste met hulle bespreek.<br>Skietbaan almanak: daar is n versoek dat die kalender wat alle klubs se aktiwiteite op die skietbaan aandui – aan onder meer BJV deurgee moet word. Hierdie kalender moet dan ook kompetisies wat op Nasionale vlak aangebied word aandui – insluitend inligting van hoe lank watter bane nie beskikbaar gaan wees nie.<br>Algemene vrae: wie se verantwoordelikheid is die instandhouding van die baan? Wie moet omsien na die sny van die gras? Wat presies is Billie se werk – meer spesifiek vir wie werk hy? | Stephan |
| | 1.9.2 Nuwe lede - Goedkeurings<br>Geen. | Debbie |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 1.10 | **Opleiding / Training**<br>Tans is die volgende aspekte [1.10.1 tot 1.10.3] deel van Stan Rodgers se aktiwiteite. Hy dui onomwonde aan dat die tyd en finansiele besteding dit nie regverdig om hierdie kursusse of opleiding vir n klein getal mense aan te bied nie. Sy versoek is dat alle belangstellendes hulle name by Debbie opgee, sodra daar dan n groot genoeg getal belangstellendes is sal hy n datum vasmaak en voortgaan met die reel van die kursus / opleiding. | Stan |
| | 1.10.1 Junior opleiding<br>In 2018 sal daar indringend gekyk word na 'n Junior 1 kursus sodra daar voldoende belangstelling is. Die Junior 2 kursus kan met redelike gemak aangebied word aangesien ons tans 2 fasiliteite beskikbaar het daarvoor. Gee asseblief name deur aan Debbie.<br>Nico Wepener dui aan dat Uitvoerend daarna kyk om jag bokke aan te koop. Hierdie sal dan op jagplase geplaas word wat ons instaat sal stel om ons juniors meer effektief te bedien – siende hulle dan die kursusse kan voltooi en dan van hierdie bokke sal kan jag. Verdere detail sal deurgegee word sodra dit beskikbaar is. | |
| | 1.10.2 CHASA kursus<br>Tans geen inligting, gee asseblief name deur aan Debbie. | Stan |
| | 1.10.3 Baan beampte opleiding<br>Daar sal spoedig so 'n kursus aangebied word, belangstellendes gee asseblief name deur aan Debbie. | |
| 1.11 | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters**<br>1.11.1 Algemeen<br>Stuur asseblief 2017 jag inligting deur aan Debbie. Stephan beklemtoon die [wettige] gebruik van toestemmingsbriewe tydens jagte. Verder versoek hy lede om te verseker dat hulle hul aktiwiteite op datum hou.<br>Nico Wepener dui aan dat hy 4 lede van die toegewyde lys laat afhaal het. Lede word weereens gemaan om daarop te let dat hulle alle verpligtinge teenoor die organisasie nakom ten einde hulle toegewyde status te beskerm. | Toegewyde jagters<br><br>Debbie |
| | 1.11.2 Nuwe goedkeurings<br>Geen. | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.12** | **Finansiële verslag / Financial report**<br>Ben Redelinghuys hou verslag voor. | Ben |
| **1.13** | **Sosiaal / Social**<br>1.13.1. Algemeen<br>Voorsitter nooi lede om na die vergadering saam te kom eet. Tak betaal R35.00 en lid die res.<br><br>1.13.2 BJV Jaareind funksie<br>Hierdie aktiwiteit gaan beslis voort en sal oorgedra word na die nuwe bestuur wat tydens die AJV in Maart 2018 verkies word. | Stephan |
| **1.14** | **Skietdae**<br>Geen terugvoer. | |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING / NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | BJV 50<br>In 2019 is BJV 50 jaar oud. Uitvoerend beplan n groot funksie om die aangelleentheid te vier. Nico dui aan dat baie inligting met die verloop van tyd aan die takke deurgegee gaan word. Daar word veral hulp benodig met borgskappe – een voorstel is dat daar 'n addisionele R50/lid ingesluit word by hulle jaarfooie en dat die bedrag dan aan Uitvoerend oorbetaal word spesifiek vir hierdie funksie. | Almal |

## 3. ALGEMEEN
## GENERAL

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | 3.1.1 Daar was n versoek gerig dat ons komittee aangepas word om 1 voorsitter en 2 onder-voorsitters in te sluit. Die voorstel deur Nico Wepener is dan ook deur Stan Rodgers gesekondeer.<br><br>3.1.2 Pieter Grimbeek bespreek die waarde wat die aankoop van n Dillon herlaai stel kan inhou vir lede. Die punt sal metterwyl verder deurtrap word. | |

## 4. VOLGENDE VERGADERING
## NEXT MEETING

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende vergadering sal  plaasvind op 6 Februarie 2018 om 18:00 in die saal. | |

## 5. AFSLUITING / CLOSING

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Stephan bedank almal vir hulle insette en bydraes. | |

## 6. GOEDGEKEUR / APPROVED

______________________ ______________________

Sekretaris Datum

______________________ ______________________

Voorsitter Datum